# HERKOMS VAN DIE NAAM PRETORIUSKOP

deur

B. V. LOMBAARD, Ph.D., D.Sc.

In 1916 het die 64-jarige Schalk Willem Burger, eertydse Vise-President van die Z.A. Republiek, in sy „Herinneringe" geskryf dat Pretoriuskop na President M. W. Pretorius vernoem is.

Hierdie berig het in vergetelheid verval, seker omdat die kwartaalblad waarin dit verskyn het, nie 'n wye kring bereik het nie en dat dit ook 'n kortstondige bestaan beleef het.

In 1947 is die kennis oor die oorsprong van die naam deur A. P. van der Merwe soos volg opgesom:-

„'n Paar geraadpleegdes beweer dis vernoem na President Pretorius, 'n paar ander weer dat daar 'n familie Pretorius gewoon het."

Onlangs het mnr. van der Merwe aan my geskryf dat wyle mnr. Jan Pretorius, wat in die laat-twintiger jare op Pretoriuskop werksaam was, aan hom vertel het dat hy (Pretorius) dit van wyle dr. Gustav Preller het dat die kop vernoem is na ene Willem Pretorius, wat in die omgewing oorlede is en begrawe lê in die bekende graf langs die pad tussen die kop en Numbi-hek. 'n Bejaarde Bantoe, met name Ngutu, sou ook gesê het dat die oorlede se naam „Ptolos" (Pretorius) was.

Toe ek in 1936 'n geologiese verkenningsopname van die Krugerwildtuin onderneem het, het dr. Preller my gevra om te probeer uitvind wie in daardie graf begrawe lê. Hy moes dus minstens onseker gewees het oor die persoon se identiteit, en dis moontlik hierdie onsekere berig wat mnr. Jan Pretorius as 'n feit aanvaar het. Met sy bekende ywer in sulke sake, moet aangeneem word dat dr. Preller tydens sy versoek aan my reeds die Wildtuin se personeellede sou ondervra het, aangesien hy, as lid van die Parkeraad, gereeld met hulle in aanraking gekom het.

Al wat my navrae opgelewer het was 'n gesegde onder die Bantoes van die omgewing dat dit die graf van 'n Portugese handelaar is, 'n berig wat later deur ander weerspreek is. Wyle Harry Wolhuter, wat toe op Pretoriuskop gewoon het en reeds meer as 40 jaar in die omgewing werksaam was, kon ook geen lig op die saak werp nie.

Dis eerstens van belang om daarop te let dat gemelde navrae gemoeid is met die naam van die persoon wat langs die pad begrawe is, en dat die verbintenis, al sou die persoon ook Pretorius geheet het, met die naam

*Pretoriuskop,* op weinig meer as 'n veronderstelling berus, altans vir sover dit ingesamelde direkte getuienis betref.

Verder moet onthou word dat Pretoriuskop reeds in 1875 onder hierdie naam bekend was, want dit verskyn as sodanig op eerw. A. Merensky se landkaart onder genoemde datum. Die vertroubaarheid van die geografiese plasing van die kop op die kaart word verhoog deur die juiste posisie daarvan ten opsigte van die gebaande pad, wat ook daarop verskyn, en wat pas die vorige jaar voltooi is en toe vir die eerste keer deur georganiseerde deurvervoer na Lourenco Marques gebruik is.

Dit volg dus dat indien die vernoeming van die kop verbind is aan die graf, en dan wel dié van 'n burgerlike Pretorius, dat die persoon se sterfjaar nie later as 1875 kon gewees het nie. Ongelukkig het niemand onder die navorsers iets omtrent die persoon se sterfjaar gemeld nie. Bantoes het my vertel dat die graf uit die periode tussen die Eerste Vryheidsoorlog en die Runderpes (1896) dateer, maar die berig was van so 'n aard dat ek my nie daarop kon verlaat nie.

Hoewel daar in 1950 aandag op Burger se berig gevestig is in die Lydenburgse Eeufeesgedenkboek, het die wete daaromtrent blykbaar minder bekend gebly, en word daar algaande meer waarde geheg aan die oorlewering dat die kop vernoem is na 'n jagter, trekboer of togryer genaamd Pretorius, wat aldaar langs die pad begrawe is. Daarom is dit wenslik om die kwessie opnuut en meer breedvoerig te behandel.

Die twee agtereenvolgende paragrawe, wat in Burger se „Herinneringe" op die onderwerp betrekking het, lui soos volg:-

> „In 1860 the South African and Lydenburg Republics united, with M. W. Pretorius as their first President, and during his presidency many efforts were made to open up direct trade with Delagoa Bay, but they never materialized.
>
> „In 1865 President Pretorius came to Lydenburg and made arrangements to have the route selected for opening up a road between Pretoria and Lydenburg. He went as far as Pretorius Kop, which was named after him."

'n Direkte afleiding uit die berig kon wees dat Pretoriuskop iewers tussen Lydenburg en Pretoria geleë moet wees. Daar was egter nooit sprake van so 'n moontlikheid nie, en tydens Burger se mededeling was die huidige Pretoriuskop die enigste plek wat so 'n naam gedra het, soos dit trouens minstens sedert 1875 bekend was. Daar moet dus na 'n ander verklaring gesoek word.

Dit lê voor die hand dat daar 'n vergissing ingesluip het, en dat „Pretoria" geskryf is i.p.v. „Delagoa Bay". Ter ondersteuning van die veronderstelling dien eerstens die feit dat dit toe reeds nie meer nodig was nie „ . . . . to have the route selected for opening up a road between

Pretoria and Lydenburg", aangesien twee paaie hierdie twee plekke reeds verbind het, soos hulle 'n aantal jare later op landkaarte van eerw. Merensky (1875) en Karl Mauch (1870) aangedui word, en soos hulle vandag nog min of meer geleë is. Uit reisbeskrywings uit daardie dae weet ons wel dat hierdie paaie alles behalwe gerieflik rybaar was, maar dit gaan hier nie om die verbetering of verlegging nie, maar wel om die *verkenning* van 'n *roete* vir die bou van pad vanaf Lydenburg, en wel ter bevordering van die handel met Lourenco Marques, soos onmiskenbaar afgelei kan word uit die strekking van die gedagtegang vervat in die eerste van die twee aangehaalde paragrawe.

Die stelling as sou die pogings om direkte handel met Delagoabaai aan te knoop nooit verwesenlik is nie, moet natuurlik saam gelees word met die woorde „ . . . . during his presidency", want 'n pad vanaf Lydenburg oor Duiwelskneukels (die huidige Long Tom-pas) en verby Pretoriuskop is in 1874 voltooi.

Weliswaar, het talryke hindernisse, o.a. tsetsevlieë, die vervoer met ossewa sodanig bemoeilik dat die beoogde handel selfs na 1874 ook nie wesentlik kon vorder nie, en dat dit eers na die bou van die Oosterspoorlyn tot sy reg gekom het.

Oor die geloofwaardigheid van Burger as persoon bestaan daar uiteraard geen twyfel nie, behalwe die algemene bedenking dat iemand se geheue hom parte kan speel en hy in goeie trou 'n fout kan begaan.

Op die oog af lyk dit onwaarskynlik dat President Pretorius in 1865 na Lydenburg sou reis, omdat hy in daardie jaar intiem met die Basoetoeoorlog gemoeid was. Die jaar waarin die beweerde besoek sou plaasgevind het, kom dus twyfelagtig voor. Ongelukkig was dit ongeleë om die President se bewegings in die jare rondom 1865 noukeurig na te gaan. Die wenslikheid dat iemand anders aandag aan die saak skenk, hou die hoop in om verdere getuienis oor die herkoms van die naam te vind.

Volgens Burger hang die vernoeming van die kop ten nouste saam met Pres. Pretorius se besoek, en die vraag behoort beantwoord te word of Burger hom met die gebeurtenis van die besoek as sodanig kon misgis het.

Die besoek van 'n President en sy doen en late moes in daardie dae 'n blywende indruk op die tienderjarige Schalk Burger gemaak het. Tensy daar 'n bepaalde hindernis voorgekom het, sou Schalk se vader, indien nie hy self nie, na Lydenburg gegaan het om die President te verwelkom, veral indien die plan bestaan het om 'n verkenningstog vandaar na die Laeveld te onderneem, soos wat dit in 'n mate sowat 8 jaar later met die besoek van President Thomas Burgers gesteld was. Die afstand na Lydenburg vanwaar die Burger-gesin naby Krugerspos gewoon het, is omtrent 15 myl.

Verder dien dat Schalk en sy verwantes in toonaangewende kringe beweeg het, volgende in die voetstappe van hulle voorvaderlike familielid, Kootjie Burger, eertydse Sekretaris van die Volksraad te Ohrigstad.

In sy genoemde „Herinneringe" vertel Burger ook dat hy en sy vader lede was van President Thomas Burgers se geselskap tydens sy besoek aan die goudveld van Macmac. Dis bekend dat Pres. Burgers sy eerste besoek aan hierdie goudveld in 1873 afgelê het, en dit in 1874 herhaal het. Een (of albei?) hierdie reise is te perd vanaf Lydenburg afgelê.

Laastens kan daarop gewys word dat die gebruiklike pad wat in daardie dae vanaf Lydenburg na die Laeveld gelei het, oor Krugerspos gegaan het, ongeag of die verdere reis naby die Burger-gesin se plaas per voetpad reg ooswaarts oor die Drakensberge gegaan het en of dit by benadering die roete van die huidige pad gevolg het oor Verraaiersnek en die plase van Carolus Trichardt (Rozenkrans) en Jan Muller (Doornhoek). Plekke op laasgenoemde twee plase wat tydens Pres. Burgers se reis deur Mahler gefotografeer is, kan vandag nog maklik met behulp van die foto's ter plase herken word, en dui daarop dat hierdie reis vanaf Lydenburg tot daar altans, dieselfde roete as die huidige pad gevolg het.

Al sou die jonge Burger die geselskap van Pres. Pretorius miskien nie gesien het nie, kan aangeneem word dat almal op Krugerspos wekelank daaroor sou gesels het, en dat besonderhede daaromtrent weer in teenwoordigheid van Burger ter sprake kon gekom het tydens die daaropvolgende besoek, sowat 8 jaar later, van 'n tweede president in die persoon van Burgers.

Aangesien Schalk die wete omtrent die vernoeming kwalik kon versin het, en hy nie gedurende die gebeurtenis aanwesig was nie, moes hy dit van ander mense bekom het. Dit is dus hoogs waarskynlik dat hy die berig van ingeligte persone onder sy familie gehoor het, moontlik nog van persone wat ooggetuies van die vernoeming was en wat, weens hulle aansien, kennis, ondervinding, ens., dalk lede van albei reise uitgemaak het. Indien die berig van minder ingeligtes afkomstig was, sou die geleenthede Burger nie ontbreek het om die egtheid daarvan aan die oordeel van gesaghebbendes, moontlik selfs ooggetuies, te onderwerp nie.

Daar bestaan dus geen goeie rede om die juistheid van Burger se weergawe van die vernoeming van Pretoriuskop in twyfel te trek nie.

## VERWYSINGS

BURGER, S. 1916. Reminiscences of General Schalk Burger. *Pilgrim's Rest Goldfields, Mines and Claimholders' Quarterly* 1(2): 6-10.

LOBAARD, B. V. Aantekeninge in my Dagboek, d.d. 11-12 Mei, 1936.

VAN DER MERWE, A. P. 1947. Professor I. D. Bosman in die Krugerwildtuin. *Historiese Studies* 8(1): 28-32.